CAUSE FOR JUSTICE

TEL: +27 (0)74 355 0775
FAX: +27 (0)86 725 0837
EMAIL: INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

MEDIA-VERKLARING
(16 Junie 2017)

HOE DIE JEUG EN PA'S BEÏNVLOED WORD DEUR PORNOGRAFIE

Gedurende Junie vier ons die gesin, deur erkenning te gee aan die JEUG (Jeugdag, 16 Junie) en aan die belangrikheid van *VADERS* in ons huise en gemeenskappe (Vadersdag, 18 Junie). Oor die loop van die maand voer Cause for Justice (CFJ) 'n veldtog wat fokus op die verband tussen pornografie en geweld teen vroue en kinders, sowel as verwante skade aan individue, verhoudings, gesinne en die samelewing in die breë. Vaders het 'n belangrike rol om te speel in die stryd teen hierdie plaag in ons samelewing.

Die tyd is NOU

Ons het gekies om dit nou te doen in die lig van onlangse gevalle van geweld, veral *seksuele geweld*, teen vroue en kinders wat die kollektiewe bewussyn aangegryp het.

Die kwessie van pornografie se oorsaaklike verband met seksuele geweld bly 'n prioriteit vir CFJ as gevolg van die voorstelle in die Films en Publikasies Wysigingswetsontwerp om aanlyn verspreiding van pornografie aan internetgebruikers in Suid-Afrika te wettig en te de-kriminaliseer. Die Wetsontwerp word tans oorweeg in die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (PCC).

Pornografie en seksuele geweld: Wat sê die navorsing?

Die verband tussen seksuele geweld en pornografie word dikwels betwis en selfs deur sommiges afgemaak as absurd. Al hoe meer studies toon egter 'n onmiskenbare verband tussen pornografie-gebruik en geweld teen vroue en meisies.[i] Dit is veral kommerwekkend in Suid-Afrika, waar seksuele geweldsmisdaad buite beheer is.

Suid-Afrika se pornografie gebruik

Ewe kommerwekkend is die toename in die gebruik van pornografie. Volgens een van die grootste pornografiese video-webwerwe in die wêreld (Pornhub) is Suid-Afrika in die top 20

MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS: **RYAN SMIT**, GENERAL MANAGER | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

CAUSE FOR JUSTICE
TEL: +27 (0)74 355 0775
FAX: +27 (0)86 725 0837
EMAIL: INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

van alle lande ter wêreld wat betref pornografie-gebruik.[ii] Daarbenewens het Suid-Afrika die hoogste persentasie ter wêreld vir toegang tot pornografie via mobiele toestelle, met 73% van pornografie gebruikers in Suid-Afrika wat toegang verkry tot hierdie materiaal deur mobiele toestelle soos selfone en tablette.[iii]

Hierdie tendens is baie kommerwekend weens die skadelike gevolge van pornografie, veral op die jeugdige psige. Die mees onstellende hiervan is dat sommige mense dit sien as n geval van "seuns sal maar seuns wees" en dit word selfs deur sommiges goedgepraat as deel van die grootword-proses om 'n “man” te word. Ongelukkig is die realiteit net die teenoorgestelde. Pornografie skep 'n erg verwronge beeld van gesonde seksualiteit, wat lei tot groot skade aan die selfbeeld van mans en hul verhoudings met vrouens.[iv]

Die rol van pa's

Nou meer as ooit tevore is die sterk leierskaprol van pa's nodig in ons huise om die jeug te beskerm, en veral seuns te leer om hul ma’s en susters met eerbaarheid te hanteer. Pornografie, seksuele geweld en mishandeling is nie 'n nalatenskap wat enige pa vir sy seun wil hê nie en veral nie vir sy dogters nie.

Min pa's besef egter dat pornografie ('n vorm van seksuele uitbuiting) die oorsaak is – ‘n brandstof - wat seksuele geweld in die vorm van mishandeling, sekshandel ens aandryf.[v]

Pa's wat pornografie in hul eie lewens, in die huis en/of in die samelewing verdra, keur by implikasie die seksuele mishandeling van hul vrouens en dogters goed.

Die beroep op Pa's en op die Jeug

Hierdie Junie doen ons 'n beroep op PA’S om standpunt in te neem teen die plaag van geweld teen vroue en kinders. Ons doen 'n beroep op die JEUG om op ‘n beter toekoms aan te dring wat vry is van die eindelose onderwerping aan digitale pornografiese materiaal. Ons kan hierdie bose kringloop in ons samelewing breek deur 'NEE' te sê vir pornografie en 'JA' te sê vir gesonde verhoudings wat vrouens en kinders waardeer en beskerm.

Die boodskap wat uitgaan na die vaders van die nasie is hard en duidelik:

MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS: RYAN SMIT, GENERAL MANAGER | WYNAND VILJOEN, CHAIRPERSON
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | DIETER VON FINTEL, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

CAUSE FOR JUSTICE

TEL: +27 (0)74 355 0775
FAX: +27 (0)86 725 0837
EMAIL: INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

AS ONS ERNSTIG IS OOR DIE UITWISSING VAN GEWELD TEEN VROUENS EN KINDERS, KAN ONS NIE DIE UITWISSING VAN DIE PRODUKSIE, VERSPREIDING EN VERBRUIK VAN PORNOGRAFIE IN ONS SAMELEWING UITSTEL NIE. [VI]

[MEDIA VERKLARING EINDIG]

In geval van navrae, kontak CFJ by:
E-pos: info@causeforjustice.org
Tel: 074 355 0775

VERWYSINGS WAT BEWERINGS IN DIE MEDIA-VERKLARING BEVESTIG:

[i]Navorsing deur Dr. Walter Dekeseredy het getoon dat **pornografie mans leer om aan vrouens te dink as voorwerpe, nie as mense nie**. In 'n studie met meer as 20 000 mans is bevind dat hoe meer mans na media kyk waar vrouens as voorwerpe behandel word eerder as mense, hoe meer het hulle gedink dat **vrouens werklik net dinge is wat bestaan om mans seksueel te bevredig**. Daarbenewens, **hoe meer mans vrouens as voorwerpe beskou, hoe meer ondersteun hulle ook geweld teen vroue**.

(Hald, G.M., Malamuth, N.N. & Lange, T. (2013) Pornography and sexist attitudes among heterosexuals. *Journal of Communication*, 63(4), 638-660. Doi:10.1111/jcom.12037

Wright, P.J. & Tokunaga, R.S. (2015) Men's Objectifying Media Consumption, Objectification of Women, and Attitudes Supportive of Violence Against Women. *Archives of Sexual Behavior*, doi:10.1007/s10508-015-0644-8)

Dr. Paul Wright en sy navorsingspan het 22 studies uit 7 verskillende lande ontleed oor pornografie-gebruik en seksuele geweld en het bevind dat pornografie **gebruik en dade van seksuele aggressie direk met mekaar verbind is**. Hierdie verband is waar vir mans en vrouens, sowel as verbale en fisiese aggressie. Gewelddadige pornografie is selfs nog sterker gekoppel aan seksuele geweld.

(Wright, P.J., Tokunaga, R.S., & Kraus, A. (2015). A Meta-analysis of Pornography Consumption and Actual Acts of Sexual Aggression in General Population Studies. *Journal of Communication*. Doi:10.1111/jcom.12201)

Na oorweging van meer as 500 studies om vas te stel of verbruik van pornografie seksuele geweld veroorsaak, het Dr. Max Waltman van die Universiteit van Stockholm tot die gevolgtrekking gekom dat die gewig van die bewyse aantoon dat **pornografie geweld teen vrouens veroorsaak, by toepassing van elke denkbare**

MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS: **RYAN SMIT**, GENERAL MANAGER | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

CAUSE FOR JUSTICE

TEL: +27 (0)74 355 0775
FAX: +27 (0)86 725 0837
EMAIL: INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

metodologie - deur eksperimentele en nie-eksperimentele studies te gebruik, kwantitatiewe en kwalitatiewe studies, en monsters van spesifieke groepe en monsters van die algemene bevolking. Dr. Waltman beskryf die effekte as nie net statisties betekenisvol nie, maar robuust.

(Waltman, M. (2014). *The politics of legal challenges to pornography*. Doctoral Dissertation.

Beskikbaar aanlyn: https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=2539998)

∗ Van die boek, "*How Pornography Harms*" (2017), deur John D. Foubert, Ph.D.

[ii] http://www.pornhub.com/insights/2016-year-in-review
[iii] http://www.pornhub.com/insights/mobile-traffic
[iv] http://fightthenewdrug.org/how-porn-affects-your-sexual-tastes/
http://fightthenewdrug.org/how-porn-damages-your-sex-life/
http://fightthenewdrug.org/how-porn-can-hurt-your-partner/
http://fightthenewdrug.org/how-porn-warps-ideas-about-sex/

[v] http://fightthenewdrug.org/video-tedx-talk-the-porn-paradox/
[vi] https://www.facebook.com/Cause4Justice/videos/1303784516400739/?pnref=story

MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS: **RYAN SMIT**, GENERAL MANAGER | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148